VERSLAG : BETREFFENDE DOGTERS SE HARE

Daar het 'n behoefte ontstaan om die reëls t.o.v. dogters se hare te hersien.

Op 14 April 2014 is daar 'n komitee saamgestel wat bestaan het uit 2 leerders uit grade 10-12 wat deur Mnr Taylor aangewys is. Hulle kon op hulle beurt 1 leerder van hul keuse uit hul betrokke graad kies om op die komitee te dien. Die betrokke dogters het die geleentheid gehad om met die dogters in hulle graadgroep te konsulteer. Mnr Taylor het ook met ouers in gesprek getree, wat insette gelewer het.

Die proses is aan die komitee verduidelik en 'n stel riglyne is aan hulle gegee wat hulle kon aanpas of verwerp. Hulle kon ook hul eie voorstelle byvoeg.

Die graadgroepe se insette moes teen 22 April ingehandig word. Die graad 10 dogters het veral moeite gedoen.

Na al die insette ontvang is, het die groepleiers alles saamgevat in een dokument. Daarna is die opsomming vir lede van die personeel gegee vir insette. Hulle voorstelle is bygevoeg en die hele dokument is bespreek tydens die leierspanvergadering gehou op 12 Mei 2014.

Die Addendum op die gedragskode is aanvaar en verwys na die Beheerliggaam vir goedkeuring op 15 Mei 2014

Die Addendum is goedgekeur tydens die Beheerliggaam vergadering vir implimentering 1 Julie 2014. Ouers sal skriftelik in kennis gestel word.